kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 284

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
waar haat is, laat ek daar u liefde bring.
Laat ek in pyn en smart vertroostend wees
en krag gee deur geloof in U, o Heer.

Refrein (slegs na strofes 1 en 2)
O Heer, help my om altyd so te leef –
om ander hoër as myself te ag,
ja, om lief te hê – ander bo myself –
en ook eerder te gee as te verwag.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.
Ek wil u lig in duisternis laat skyn.
Laat ware vreugde altyd uit my straal.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
leer my om ook soos U te kan vergeef.
Maak my bereid om aan myself te sterf,
dat ander U al meer in my kan sien.

Woorddiens

Tema: "Sondag 8 April 1945"

Skriflesing: Johannes 20:19-31

Broodjies vir die pad

"There is nothing that can replace the absence of someone dear to us, and one should not even attempt to do so. One must simply hold out and endure it. At first that sounds very hard, but at the same time it is also a great comfort. For to the extent the emptiness truly remains unfilled one remains connected to the other person through it. It is wrong to say that God fills the emptiness. God in no way fills it but much more leaves it precisely unfilled and thus helps us preserve -- even in pain -- the authentic relationship. Further more, the more beautiful and full the remembrances, the more difficult the separation. But gratitude transforms the torment of memory into silent joy. One bears what was lovely in the past not as a thorn but as a precious gift deep within, a hidden treasure of which one can always be certain."
— Dietrich Bonhoeffer

"One cannot simply read the Bible, like other books. One must be prepared really to enquire of it. Only thus will it reveal itself. Only if we expect from it the ultimate answer, shall we receive it. That is because in the Bible God speaks to us. And one cannot simply think about God in one's own strength, one has to inquire of him. Only if we seek him, will he answer us."
— Dietrich Bonhoeffer

"It is not your love that sustains the marriage,
but from now on, the marriage that sustains your love."
— Dietrich Bonhoeffer, Letters and Papers from Prison

Wetenskap en geloof kán saam verreken word

Wilhelm Jordaan

Met die dood verlede maand van die bekende fisikus Stephen Hawking het die gesprek tussen geloof en wetenskap weer ter sprake gekom.

Anders as hardnekkige ongelowiges, had Hawking 'n verbeeldingryke oopheid vir die moontlikheid van 'n God en het graag prikkelende stellings gemaak, byvoorbeeld dat God die beliggaming van natuurwette is.

Die vraag is egter hóé die gesprek gevoer kan word. 'n Nuttige manier is om te aanvaar dat wetenskap en geloof nie in konflik hoef te wees nie; dat dit twee lewensgroothede is wat saam verreken kan word.

Dit beteken dat die wetenskap die natuurlike wêreld se feitelike aard volgens sy reëls opteken en teorieë skep en toets om dié feite te verklaar.

Evolusie en die ouderdom van die aarde is voorbeelde hiervan, en gelowiges kan dit met verrukking en verwondering aanvaar as wetenskaplike waarheid wat aangevul, of gewysig, word soos wat kennis toeneem.

Geloof het te doen met ander vrae. Nie byvoorbeeld hoe oud die aarde is nie (dit is 'n wetenskaplike vraag), maar vrae soos: "Waarom is daar iets pleks van niks? Waarom en waartoe die mens?"

Dit het te make met betekenis en singewing – 'n menslike impuls net so sterk as die begeerte na nog meer wetenskaplike kennis oor die natuurlike wêreld.

Daarom vertel mense stories, byvoorbeeld Bybel-stories, Koran-stories en Talmoed-stories, om sodoende hul geloofsoortuigings uit te druk en lewensverrykend te ervaar.

Hiervolgens kan mens dan met oortuiging sê: "Ek glo in 'n God omdat dit sin gee aan my bestaan, want dit is vir my die beste antwoord op my lewensvrae."

En dit is ewe sinloos om "natuurlike" siektes se ontstaan, verloop en genesing (of sterftes) aan die wil van God toe te skryf.

Aanvaar 'n mens dié benadering, is ten minste twee dinge ontoelaatbaar: Eerstens, jy kan nie wetenskaplike feite ontken of verdraai en jóú geloofsinhoude aanbied as 'n korreksie op wetenskap nie. Dit is presies wat die kreasioniste, aanhangers van "intelligente ontwerp" en ander godsdienstige fundamentaliste doen.

Só byvoorbeeld is dit sinloos om vol te hou die aarde is 6 000 jaar oud, of om te sê die Bybelboek Genesis is versoenbaar met evolusie as God se skeppingsmetode.

En dit is ewe sinloos om "natuurlike" siektes se ontstaan, verloop en genesing (of sterftes) aan die wil van God toe te skryf.

Tweedens, jy kan nie wetenskaplike waarheid gebruik om mense se behoefte aan singewing en lewensbetekenis as onsinnig af te maak nie.

Dit kom neer op wetenskaplike fundamentalisme wat reken die mens se sinsoekende vrae kan nét beantwoord word volgens

wetenskaplike bewysreëls.

Vir ’n sinvolle gesprek oor wetenskap en geloof is daar nie plek vir wetenskaplike en godsdienstige fundamentalisme nie. Die een is so lewensverskralend as die ander én skep onnodig konflik tussen wetenskap en geloof.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/wetenskap-en-geloof-kan-saam-verreken-word-20180403-2

“Upon closer observation, it becomes apparent that every strong upsurge of power in the public sphere, be it of a political or a religious nature, infects a large part of humankind with stupidity. It would even seem that this is virtually a sociological-psychological law. The power of the one needs the stupidity of the other. The process at work here is not that particular human capacities, for instance, the intellect, suddenly atrophy or fail. Instead, it seems that under the overwhelming impact of rising power, humans are deprived of their inner independence and, more or less consciously, give up establishing an autonomous position toward the emerging circumstances. The fact that the stupid person is often stubborn must not blind us to the fact that he is not independent. In conversation with him, one virtually feels that one is dealing not at all with him as a person, but with slogans, catchwords, and the like that have taken possession of him. He is under a spell, blinded, misused, and abused in his very being. Having thus become a mindless tool, the stupid person will also be capable of any evil and at the same time incapable of seeing that it is evil. This is where the danger of diabolical misuse lurks, for it is this that can once and for all destroy human beings.”

— Dietrich Bonhoeffer, Letters and Papers from Prison DBW Vol 8

“We have been silent witnesses of evil deeds; we have been drenched by many storms; we have learnt the arts of equivocation and pretence; experience has made us suspicious of others and kept us from being truthful and open; intolerable conflicts have worn us down and even made us cynical. Are we still of any use? What we shall need is not geniuses, or cynics, or misanthropes, or clever tacticians, but plain, honest, and straightforward men. Will our inward power of resistance be strong enough, and our honesty with ourselves remorseless enough, for us to find our way back to simplicity and straightforwardness?”

— Dietrich Bonhoeffer, Letters and Papers from Prison

Brood vir die pad

Paassondag toe ook vir gekke

Jan Lubbe

Vanjaar was Paassondag ook gekkedag – eergister op 1 April 2018. Die vorige keer in die afgelope eeu dat dít gebeur het, was in 1956, maar dit was ook so op 1 April 1945, 1934 en 1923.

1 April 1945 se Paassondag (en gekkedag) trek aandag. Dit was ’n week voordat Dietrich Bonhoeffer, die Duitse versetsteoloog teen Adolf Hitler en die rassistiese Nazi-ideologie, van die Buchenwald-konsentrasiekamp na die gevangenis in Flossenbürg verskuif is.

Hy was sedert 7 Februarie in Buchen-wald, wat beteken dat Bonhoeffer vir Lydenstyd 1945 – daardie 40 dae van verootmoediging gedagtig aan die lydensweg van Christus – die verskrikking daar moes beleef het. Daagliks is Joodse gevangenes in al hoe meer haas om die lewe gebring, soos wat die nuus gekom het dat Nazi-Duitsland aan’t verkrummel was.

Waansin – die hel – het losgebreek.

Tog word vertel van die nederige kalmte wat Bonhoeffer daar in Buchenwald in homself gedra het. Hoe hy ander bemoedig het; hoe hy met ’n jong Russiese ateïs wat saam opgesluit was, oor die hoop van geloof in Christus bly praat het.

’n Medegevangene onthou selfs sy glimlag: “*His soul shone in the dark desperation of our prison . . .*”

Die volgende Sondag, 8 April, met die geweervuur van die 6de Divisie van die Amerikaanse bevrydingsleër alreeds hoorbaar naby, is Bonhoeffer en enkele ander inderhaas na Flossenbürg geneem, verhoor en ter dood veroordeel. Maandagoggend, 9 April, ’n week ná Pase, is hy tereggestel.

Daar word vertel sy laaste woorde op pad na die galg was: “Hierdie is die einde – vir my, die begin van lewe.”

Gekheid? Onsin?

Die evangelis Lukas gebruik juis laasgenoemde woord om die dissipels se eerste reaksie te beskryf op die berig van die vroue wat by die graf was en dit leeg gevind het, “onsin” (Luk. 24:8)! Selfs “ongeloof” in die dissipelkring.

Matteus en Johannes vertel van “twyfel”, en nie net Thomas s’n nie. Maar soos wat Jesus ná sy opstanding aan hulle verskyn het, het hul vrees vir verwondering, sekerheid en blydskap plek gemaak. Het hulle moed geskep, en dié goeie nuus verder gedra, die volgende generasies in. Trouens, dít is een van die sterkste argumente vír die waarheid en oortuigingskrag van die opstandingsverhaal: Dat randfigure soos die vroue destyds, vissermanne soos die dissipels en gelowiges in die eerste gemeentes téén hul eie vervolging in, bly sê het: Jesus leef!

Waarom sal jy ’n spookstorie bly glo as dít jou jou werk in die Romeinse staatsdiens, jou eiendom, jou lewe gaan kos? Waarom in die aangesig van brandstapels en brullende leeus, volhard met dié “onsin” van ’n mite? Wat is dit in die Paasboodskap wat ’n Dietrich Bonhoeffer in Buchenwald en Flossenbürg kalm en vol vrede laat leef, wetende sy eie dood is hier?

In sy boek *Jesus of Nazareth* (2011) skryf die Duitse teoloog Jozef Ratzinger (pous Benedictus XVI) dat die waarheid van Jesus se opstanding uit die graf dié kritieke punt in die Christelike geloof is: “Whether Jesus merely was or whether He also is.” Was hy ’n wyse profeet met wonderlike woorde lank gelede wat tragies as martelaar gesterf het, of ís Hy die lewende Christus by ons? Vir daardie handjievol vroue en dissipels, die vroeë kerk en iemand soos Bonhoeffer was die antwoord daarop ál meer duidelik: Jesus leef. En ons mét Hom (Lied 415)!

Daarom kan gelowiges in die moeilikste omstandighede moed hou en met ’n kalme vertroue en diepe vreugde leef. Ja, selfs dat ons met Pase kan lag, want – soos Martin Luther dit gestel het – God het ’n gek van daardie somber gees, die duiwel, gemaak!

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/paassondag-toe-ook-vir-gekke-20180402

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877